DEEL 117 | WEEK 38 | 26 SEPTEMBER 2025 | R5
HEILBRON HERALD
IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Eenstop Agri bring nuwe lewe in plaasdiens

Eenstop Agri het onlangs sy deure oopgemaak om die diens van draaiwerke voort te sit en meer dienste en produkte aan die gemeenskap te bied. Die winkel is gestig uit 'n duidelike behoefte in die dorp, waar plaaslike boere en rolspelers saam gespan het om noodsaaklike oplossings nader te bring. Sentraal geleë in een van die hoofstrate in Heilbron is hulle sedert 19 September amptelik oop vir besigheid op die hoek van Kerk- en Luytstraat.

Die winkel se kernfokus is gerig op draaiwerke en die krimp van hidroliese pype maar hou ook meer as 1 400 produkte in voorraad – van boute en moere tot planterparte, filters en sweisstawe. Items wat nie onmiddellik beskikbaar is nie, word spesiaal vir kliënte op aanvraag bestel.

Alhoewel boere die grootste deel van die kliëntebasis vorm, bedien Eenstop Agri ook ander plaaslike besighede. Die winkel verstaan die ritme van boerdery en maak in planttyd reeds om 07:00 oop en verstaan die span dat boerdery nie wag nie. Buite seisoen is besigheidsure van 07:30-17:00. Met die leuse "Gedryf deur boere, gebou vir groei" is Eenstop Agri gereed om die gemeenskap te ondersteun en saam te groei.



*Op die foto agter: Koos Engelbrecht en Tsaats Hattingh. Op die foto voor: Danie Myburgh, Esthea Müller, Alzan Myburgh en Andries Müller.*









# Ernstige geweldsmisdade bedreig boere en landelike huishoudings

Vrystaat Landbou (VL) doen 'n dringende beroep op die Minister van Polisie om, by die bekendmaking van misdaadsyfers, plaasaanvalle en -moorde, soos omskryf in die Nasionale Landelike Beveiligingsstrategie, apart uit te wys. Terselfdertyd moet álle ernstige geweldsmisdade wat huishoudings in landelike gebiede raak – soos moorde en pogings tot moord – ook volledig weerspieël word, aangesien dit tans blyk dat die ware omvang van hierdie misdade nie duidelik uit die statistieke na vore kom nie.

Dié reaksie volg op die waarnemende minister van polisie, prof Firoz Cachalia, se onlangse opmerking dat "boere nie sistemies deur misdaad geteiken word nie".

Vrystaat Landbou (VL) veroordeel al dekades lank alle vorme van ernstige geweldsmisdade in die landelike gebiede, hetsy plaasmoorde, moorde in die algemeen, pogings tot moord, gewapende roof of ernstige aanrandings. Hierdie misdade het 'n ingrypende invloed op boere, hul gesinne en werkers, sowel as op die volhoubaarheid van hul boerderypraktyke. Dit raak nie net kommersiële boere nie, maar ook opkomende en bestaansboere, en veroorsaak 'n geweldige trauma in huishoudings.

Dr Jane Buys, veiligheidsrisiko-analis van VL, wys uit dat daar volgens StatsSA se Landbou- misdaadopname van 2022 :

• 16,06% van huishoudings in die Vrystaat op plase woon.
• Slegs 10,43% van die 135 748 huishoudings primêr 'n inkomste uit boerdery verdien.
• Dit verteenwoordig slegs 1,68% van die totale 845 250 huishoudings in die provinsie.

"In die 2024/2025-boekjaar is 895 moorde in die Vrystaat aangemeld. As plaasmoorde volgens die amptelike definisie apart uitgewys word, toon dit dat nie al die moorde op landbougrond korrek weerspieël word nie. Dit laat blyk dat landelike huishoudings waarskynlik meer intensief deur misdadigers geteiken word." Sê Buys.

Nog 'n ernstige bekommernis is dat misdadigers dikwels by beide gewelds- én eiendomsverwante misdade betrokke is. "StatsSA wys byvoorbeeld daarop dat slegs sowat 10% van veediefstalgevalle aan die SAPD gerapporteer word. Dit beteken dat bykans 90% van hierdie misdade nooit in die Minister se misdaadstatistieke verskyn nie."

Vrystaat Landbou meen verder dat boerderygemeenskappe talle uitdagings met die polisiediens ervaar, soos:

• Gebrek aan diensbare voertuie wat die bywoning van misdaadtonele vertraag.
• Kriminele word gereeld in georganiseerde groepe en sindikate betrek, soms met elemente van polisie-korrupsie.
• Die voortdurende geteikendheid bedreig die oorlewing en finansiële volhoubaarheid van boere.

VL versoek daarom dat die Minister van Polisie:

1. Die Nasionale Landelike Beveiligings Strategie ten volle implementeer en verseker dat elke landelike of landelik/stedelike polisiekantoor oor minstens een tot twee toegewyde Landelike Veiligheidskoördineerders beskik, met 'n duidelike mandaat, 'n toegewyde voertuig en toepaslike toerusting.
2. Die beskikbaarstelling van 104 voertuie (2,9% van die Vrystaat se vloot) vir hierdie koördineerders.
3. Die ernstige tekorte by die Veediefstaleenhede in beide mannekrag en voertuie – dringend aanspreek.

"Boere word wel sistematies geteiken en die SAPD se onvermoë om hul grondwetlike mandaat uit te voer, plaas landelike gemeenskappe onder geweldige druk. VL vereis daarom daadwerklike optrede en aanspreeklikheid om ons boere, hul gesinne en werkers te beskerm," sê Francois Wilken, president van Vrystaat Landbou.

## Municipal Notice: Indigency & Prescribed Debt Relief

The municipality wishes to inform residents and businesses about measures introduced to provide financial relief.

Households with a combined monthly income of R5,300 or less, as well as business owners who lost their businesses due to the effects of Covid-19, may qualify for indigency support. Those registered as indigent have had their municipal debts written off. We encourage all qualifying community members to apply for indigency, as this program is designed to support vulnerable households during difficult economic times.




In addition, the municipality has written off prescribed debts. These are municipal debts that are three years or older. As a result, all debts incurred up to June 2022 have been cancelled. However, debts from 1 July 2022 to the presentremain payable and will still be collected.

This relief applies to all residents and businesses within the Ngwathe Local Municipality. It covers services such as electricity, water, refuse removal, and sanitation, in line with the Prescription Act of 1969. Please note that property rates may only be prescribed after 30 years.

## UIT DIE PEN:

### Week 39



Weet julle wat hiperbariese behandeling is? Dit is wanneer jy 'n hoë konsentrasie suurstof onder 'n hoë druk kry. Dis basies goed vir jou hele liggaam, want elke sel kry meer as sy kwota suurstof en dit help met die herstel van weefsel.

Ja, hoor ek jou sê. Dis mos die osoonbehandeling wat hulle so oor die radio adverteer. Daardie man vertel mos hoeka wat osoon is, en vir die leek dink ek nie dat dit sin maak nie. Die advertensie gaan so:

"Een O plus een O is O twee. Plus nog 'n O gee vir jou 'n O drie en dit is osoon." So asof almal gaan weet waarvan jy praat.

Ja, twee suurstofatome vorm die suurstof wat ons elke dag inasem (die O twee waarvan die radioman praat). En nog 'n suurstofatoom is O drie. En dit is osoon. Tot sover is dit nog reg.

Dan gaan die radioman verder en vertel hoe goed dit vir jou liggaam is. Want waar jy altyd net 'n suurstofverbinding ingeasem het wat twee suurstofatome bevat, word jy nou blootgestel aan 'n verbinding met drie suurstofatome. Volgens die radioman is dit dan dieselfde as gekonsentreerde suurstof.

Nee, dis nie so nie. Ek kon tot dusver nog nie bewyse raaklees van hoe jou liggaam osoon vervoer nie. Want, volgens die radioman, maak dit alle skete en kwale gesond. Maar, volgens my, kan jou hemoglobien (die ysterbevattende komponent in jou rooibloedselle) nie aan osoon bind om hierdie wondermiddel deur jou liggaam te vervoer nie.

Stuur gerus bewyse van bogenoemde aan, ek sal dit graag wil opvolg as ek verkeerd is.

Met hierdie hiberbariese behandeling, het ek in 'n silindervormige struktuur, amper soos 'n tent, gaan lê. Dan word die suurstof daar ingepomp tot by 'n druk van 4 kilopascal. Jy lê dan heerlik vir 'n uur daar, terwyl jy diep asemhaal. En ek het agtergekom dat diep asemhaling 'n kuns is.

Nietemin. Sedert verlede jaar met die gebreekte been, die plaatjie en die skroewe, en later sonder die plaatjie en die skoewe, het my regterbeen se beenweefsel se digtheid afgeneem. Tot waar ek osteoporose aan my regterkant ontwikkel het. Die linkerkant was nog nie so aangetas nie.

Toe die ortopeed die eerste keer die beenweefsel op die x-strale sien, het hy bekommerd gelyk. My eertydse dosent in fisika het altyd gesê: "Juffrou Swanepoel, hoekom lyk u so *gepusselleerd*?" Volgens hom was dit die Afrikaanse ekwivalent van "puzzled". Laat ons nou nie vir mekaar lieg nie: die helfte van my fisikaloopbaan was ek *gepusselleerd*, want daar is baie goed wat ek uit my kop uit moes leer omdat ek nie altyd die vak verstaan het nie. Maar, mag ek byvoeg, ek het dit darem die eerste keer deurgekom.

Die ortopeed was *gepusselleerd*. Met die tweede x-straal, so agt weke daarna, het sy frons net al hoe dieper geword. Ek moes kalsiumaanvullings neem, een in die oggend en een in die aand. Saam met dit nog 'n soort medikasie wat jy een pil per week moet drink. Ten minste twee ure se nugtermaag en twee ure daarna geen kos nie. Dit gebeur altyd op 'n Dinsdag.

Die volgende twee x-strale het niks verbeter nie. Die biopsie wat ek gehad het, het toe 'n bakterie geïdentifiseer wat in my gewrig gebly het. Hy skryf toe mos 'n emmer vol antibiotika voor. Vir ses weke. En dis toe dat hy ook die hiperbariese behandeling voorskryf.

Ek het 10 ure in daardie tentsilinder spandeer. Een of twee sessies van 'n uur lank elke week. Ek het om 16:00, wanneer ons kantoor toemaak, gejaag om betyds in Centurion te wees. Dan het ek binne-in die ding geklim en diep asem gehaal.

Wanneer ek in die oggend by die werk kom (ek is daar ten minste 30 minute voordat my kollegas opdaag), doen ek 'n kort Bybelstudie en ek bid. Onder andere vra ek dat my eie kalsiumatome nuwe beenweefsel sal vorm.

Verlede week gaan ek weer x-strale neem, en daarna gaan ek ortopeed toe. Hierdie keer het ek nie eers twee keer daaroor gedink nie: ek het gewèèt dat daar nuwe beenweefsel gevorm is. Omdat ek die kalsiumaanvullings neem, getrou is met die ander snaakse pil en omdat ek dit in gebed van die Here af gepleit het.

Toe ek by die ortopeed se spreekkamer instap, kyk hy met 'n groot glimlag na die x-strale. Daar is werklik nuwe beenweefsel! Ek bars in trane uit van blydskap, en ons gee mekaar 'n *high five*.

Ek sê vir hom dat ek hiervoor gebid het. Ja, sê hy, dit is ook waarvoor hy gebid het. Ek is verstom dat 'n dokter sê dat hy vir sy pasiënt gebid het.

Dis moontlik as gevolg van die medikasie, dalk is dit omdat ek hiperbariese behandeling gehad het, maar ek glo dat dit is omdat ek gebid het.

Ek vertel hierdie storie om twee redes: die een is dat gebed werk. Ek wil vir jou moed gee, wanneer jy dink daar gaan nie 'n uitkoms wees nie. Soms is die uitkoms nie wat jy gedink het nie, maar wanneer jy terugkyk, weet jy dat dit die regte uitkoms was.

Die ander rede is om seker te maak waarin jy glo, en in Wie jy glo. Het jy gelees van die beplande wegraping wat moontlik Dinsdag of Woensdag sou plaasvind? Of dit nou plaasgevind het of nie: maak seker dat jy weet wat jy glo en dat jy gereed is om jou geloof of jou ongeloof te bely.

Ek wens dat elkeen ten minste een wonderwerk in sy of haar lewe sal sien gebeur. Dis maklik om dit mis te kyk.

Wonderwerke gebeur daagliks rondom jou. Is jy reg om daarvan te getuig?

# Councillor Johny Serati's Vision and Heritage Day Message

On 24 September, Ward 2 joined together to celebrate Heritage Day, a time to reflect on who we are, where we come from, and the values that unite us. As a community, we are diverse, strong, and resilient — and our heritage reminds us that our strength lies in our unity.

As the Councillor of Ward 2 and a Member of the Mayoral Committee of Ngwathe Local Municipality, I want to sincerely thank the people of my ward and the greater Ngwathe for their continued trust and support. Leadership is not a title — it is a responsibility to serve with integrity, accountability, and dedication.

My vision is to build a united, inclusive, and prosperous Ward 2 and Ngwathe Local Municipality where every resident is valued and empowered, and where we preserve and celebrate our rich cultural heritage while creating opportunities for future generations.

**My mission is to:**

* Strengthen service delivery and infrastructure development.
* Promote transparency, accountability, and meaningful community participation.
* Empower youth, women, and vulnerable groups to thrive.
* Protect and celebrate our cultural diversity as a source of strength.
* Build sustainable partnerships between the municipality, stakeholders, and residents.

This Heritage Day, I call on all of us to celebrate not only our traditions but also the future we are building together. Let us honour our past while working hand in hand to create a Ngwathe that our children will be proud to inherit.

*Issued by: Councillor Johny Serati*
*Ward 2 Councillor & MMC,*
*Ngwathe Local Municipality*



*Cllr Johny Serathi, Lebogang Mokhothu Hinterland, Samuel Mofokeng from Sam's Muthi Shop and Uaiden Schoeman from Evergreen Counseling & Therapeutic Services.*



*MMC Mohau Mosipidi for Urban and town planning.*



*The cultural heritage day event included a sport tournament aimed at involving local youth soccer teams, as well as a gala dinner to welcome esteemed guests and keynote speakers.*

# Groen Vingers en Goeie Gesels:

## *Ons hou tuinbou in die koelte*

In die hartjie van die Riemland het 'n groep entoesiastiese vroue van die plaaslike tuinbouklub onlangs bymekaargekom in Marisa van Rooyen se tuin - een van die mooiste erftuine op die dorp. Die geur van roosblare en vars laventel het die lug gevul terwyl voëltjies tussen die takke gesing het – die perfekte agtergrond vir 'n gesprek oor watter bome die beste in hierdie streek sal aard.

Dié dames onder leiding van Mari Myburgh en Georgina Weiss, bekend vir hul gesellige samehorigheid en passie vir groen ruimtes, het gefokus op inheemse spesies wat nie net skoonheid bring nie, maar ook water spaarsamig gebruik en die plaaslike voëllewe ondersteun. Onderwerpe wat bespreek is, het gewissel van die komende uitstappie na Ludwig's Roses in Pretoria, ideale bemestingspraktyke vir optimale plantegroei in die Riemland-distrik, sowel as die erfenis wat bome aan 'n erf en groter omgewing bied.

"Ons plant nie net bome vir onsself nie, maar vir ons kinders en kleinkinders," het een van die lede glimlaggend gesê. "Die regte boom op die regte plek kan vir geslagte lank skadu, skoon lug en vreugde bring."

Die byeenkoms het afgesluit met tee en varsgebakte wafels onder die koelte van 'n reuse- witstinkhout.

Met planne om binnekort nog bome by die Riemland Museum aan te plant en die bestaande bome te versorg, is die tuinbouklub vasbeslote om die Riemland se natuurlike erfenis vir die toekoms te bewaar.



*Lanzo Soothill (Riemland Museum)*





*Op die foto vl: Magda Piater, Mari Myburgh, Elbie Els en Georgina Weiss.*



*Foto bo: Mari Myburgh*
*Foto onder: Georgina Weiss*



# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Erfenisdag: 'n Positiewe Viering van Kultuur en Geestesgesondheid*

• *Elmarie Els-Hammann*

Elke jaar op 24 September vier Suid-Afrika Erfenisdag – 'n dag wat ons herinner aan die waarde van ons kultuurbewaring en die rykdom van ons verskeidenheid. Hierdie dag is nie net 'n feestelike viering nie, maar 'n positiewe geleentheid om die diepgaande invloed van kultuurbewaring op ons geestesgesondheid te erken. Erfenisdag is 'n herinnering aan die belangrikheid daarvan om jouself en jou erfenis te waardeer, nie net op daardie dag nie, maar elke dag van die jaar.

**Erfenis as 'n Bron van Geestesgesondheid**

Erfenisdag is 'n dag wat nie net die verskeidenheid van kultuurgroepe in Suid-Afrika vier nie, maar ook die impak wat kultuur het op die geestesgesondheid van individue. Wanneer mense hul kultuurerfenis kan omhels, bou dit aan 'n positiewe selfbeeld en versterk hul innerlike welstand. Die erkenning van jou eie identiteit en die waarde wat dit het, kan 'n mens 'n gevoel van trots en innerlike vrede bring.

As maatskaplike werkers sien ons dikwels hoe mense wat nie die kans het om hul kulturele erfenis ten volle uit te leef nie, onderdrukking van hul identiteit en selfbeeld ervaar. Dit kan lei tot gevoelens van frustrasie, angs, en depressie. Erfenisdag is dus nie net 'n dag van viering nie, maar 'n kans om individue te herinner aan die belangrikheid van hul wortels en die waarde van wie hulle is. Dit bevorder geestelike heling, aangesien mense hul identiteit met trots kan deel en omhels.

**Geestesgesondheid en Kultuurbewustheid**

Kultuur is een van die fundamentele pilare waarop mense se geestesgesondheid gebou word. Erfenisdag is 'n kans om na te dink oor hoe ons, as individue, onsself en ons plek in die wêreld verstaan. Dit is nie net oor die tradisies wat ons vier nie, maar ook die waarde van die verhaal wat ons vir onsself vertel oor wie ons is. Wanneer mense hul kultuurbewustheid kan uitleef en hulle deel van 'n groter verhaal voel, ervaar hulle 'n sterker gevoel van selfrespek en gesondheid.

Vir baie mense in Suid-Afrika wat histories gesukkel het om hul kulturele identiteit te bewaar, is Erfenisdag 'n dag van bevryding. Dit is 'n kans om nie net na die geskiedenis van jou mense te kyk nie, maar om jouself met daardie geskiedenis te verbind, wat op sy beurt 'n positiewe impak op jou emosionele welstand het. Mense wat met hul erfenis kan identifiseer, ervaar dikwels groter selfvertroue en 'n sterker gevoel van geluk en innerlike vrede.

**Geestesgesondheid en Gemeenskapssteun**

Erfenisdag is ook 'n dag wat mense in staat stel om nuwe maniere van ondersteuning en heling te ontdek. Wanneer mense hulself in ander se stories kan sien en erkenning gee aan die waardes van ander kultuurgroepe, bou dit nie net aan samehorigheid nie, maar ook aan die kollektiewe geestesgesondheid van die samelewing. Mense wat in 'n positiewe omgewing leef waar hul kultuur waardeer word, het 'n beter kans om emosioneel gesond te wees en 'n positiewe lewensbeskouing te ontwikkel.

In plaaslike samelewings kan Erfenisdag 'n ruimte skep vir mense om mekaar te ondersteun deur gesamentlike viering van kulturele waardes. Die gevoel van samehorigheid wat ontstaan wanneer mense uit verskillende kulture hul tradisies kan deel, kan 'n diep helende impak hê op die geestesgesondheid van die gemeenskap. Dit bevorder nie net eenheid nie, maar verminder gevoelens van isolasie en vervreemding wat dikwels lei tot geestelike ongemak.

**Erfenisdag as 'n Geleentheid vir Positiewe Selfbeeld**

As maatskaplike werkers sien ons hoe 'n positiewe ervaring van die self en die omgewing die geestesgesondheid direk bevoordeel. Wanneer individue die kans kry om hul kultuurerfenis op 'n gesonde manier te vier, verhoog dit hul gevoel van selfwaardigheid. Dit is nie net 'n dag om tradisies te vier nie, maar 'n dag wat mense herinner aan hul waarde as individue en as deel van 'n groter kultuurgemeenskap.

Mense wat met trots hul erfenis omhels, ervaar dikwels minder angstigheid en stres, aangesien hulle nie die druk voel om hul identiteit te verberg nie. Erfenisdag stel mense in staat om daardie innerlike vredesgevoel te bevorder deur erkenning van hul kulturele waarde, wat weer lei tot 'n sterker selfbeeld en groter emosionele veerkragtigheid.

**'n Dag van Heling en Positiewe Vervulling**

Erfenisdag is nie net 'n viering nie, maar 'n helingsproses. Dit bied elke persoon die kans om te verbind met diegene wat dieselfde kultuur deel, maar dit bied ook die kans om oor grense heen te kyk, ander se kultuur te waardeer, en in die proses jou eie welstand te versterk. Die heling wat voortspruit uit die viering van jou erfenis is nie net fisies sigbaar nie, maar strek diep na binne, beïnvloed jou emosies, jou selfvertroue, en jou plek in die samelewing.

As ons na Erfenisdag kyk, moet ons besef dat dit meer is as net 'n fees. Dit is 'n dag wat individue in staat stel om hulself te waardeer, hul identiteit te versterk, en die wêreld om hulle te verstaan op 'n manier wat hul geestesgesondheid bevorder. Hierdie positiewe interaksie met hul kulture kan 'n blywende impak hê op hulle geestelike gesondheid, en dit skep 'n samelewing wat gesonder, meer veerkragtig en positiewer is.

Erfenisdag is dus 'n dag van betekenisvolle viering, wat nie net oor tradisies gaan nie, maar oor die heling wat voortspruit uit die erkenning van ons erfenis. Dit is 'n positiewe geleentheid om die impak van kultuurbewaring op geestesgesondheid te besef en die waarde van selfrespek en identiteitsbewustheid te omarm. Deur Erfenisdag nie net as 'n kulturele viering nie, maar as 'n kans vir geestelike heling te beskou, kan ons 'n positiewe en gesonde samelewing bou, wat die welstand van alle individue bevorder.

# Huppel Trippel dans die somer in

Die program het bestaan uit 'n Lyndans les wat deur om en by 20 lede bygewoon is. Daar is gekonsentreer om die passies baas te raak; en baie lekker gelag wanneer die konsentrasie nie lekker wou werk nie. Nog ń heerlike, ontspanne oggend waarin almal mekaar se teenwoordigheid kon geniet. Oor twee weke is dit weer Huppel Trippel se kwartaallikse rolstoel dag. Kom kuier gerus saam as jy lus is om iemand in 'n rolstoel te stoot... hoe meer siele, hoe meer vreugde.




*Op die foto is agter vl: Lesego Leepile, Izette Hofmeyr, Heléne Mouton, Lena van Rensburg, Rina Smith, Duif Fouché en Quarta Pretoruis. Voor: Hannatjie Bobbert, Ina Louw, Sue v/d Westhuizen, Ann van Zyl en Hettie van Tonder.*



*Foto bo: Besig om passies te leer.*

*Izette Hofmeyr en Lesego Leepile wat die klas aangebied het.*




# "Oom Ado Grobler se geskiedkundige blik:

## *'n Reis deur Suid-Afrika se pad voor apartheid (uitgespreek en beleefd as "Apart Hate")*

Hoe verdraai ons die verlede sonder om dit te verdraai? Hoe plaas ons 'n omstrede geskiedenis in konteks sonder om vasgevang te raak in propaganda en emosionele narratiewe? Apartheid – Apart Hate is 'n eerlike en ongefiltreerde ondersoek na die geskiedenis van die Boerevolk, hul stryd, en die wêreld se blik op apartheid.

Gebore uit 'n soeke na waarheid en geïnspireer deur 'n kleindogter se vrae oor die verlede, neem Adolf Grobler die leser op 'n reis deur dekades van kolonialisme, oorlog, politieke manipulasie, en die voortdurende stryd om identiteit en geregtigheid. Hierdie boek daag gevestigde perspektiewe uit en bied 'n kykie na die minder gehoorde kant van die verhaal – 'n perspektief wat dikwels verswyg of verdraai word.

Met 'n skerp analitiese oog en 'n deurdagte stem, lê Grobler die feite op die tafel en nooi die leser om self 'n oordeel te fel. Of jy saamstem of nie, hierdie boek sal jou dwing om te dink, te bevraagteken en jou eie siening oor die geskiedenis van Suid-Afrika te heroorweeg.



HERALD

# Nalatenskap en Erfenis: Nasionale Testamentmaand vier wat ons nalaat

*Waarom 'n goed opgestelde testament een van die grootste geskenke is wat jy kan agterlaat*

September is Testamente maand, 'n herinnering aan die belangrikheid van 'n goed gestruktureerde testament om jou geliefdes te beskerm en te verseker dat jou wense na jou dood geëer word. Tog stel baie Suid-Afrikaners hierdie noodsaaklike taak uit, dikwels onbewus van die komplikasies wat hulle families as gevolg daarvan kan ondervind.

Sonder 'n geldige testament sterf jy intestaat en jou boedel word volgens intestaat wetgewing verdeel, wat moontlik nie ooreenstem met jou werklike bedoelings nie en tot vermybare vertragings lei.

'n Belangrike aspek van 'n testament is die nominasie van 'n eksekuteur – die persoon/ instansie wat verantwoordelik is vir die afhandeling van jou boedel. Dit is belangrik om te verstaan dat jy 'n eksekuteur in jou testament nomineer, maar hul aanstelling moet deur die Meester bevestig word. Die Meester kan die nominasie afkeur indien dié onbevoegd is, bv. indien jy ‘n familielid sonder kennis of ervaring nomineer, mag die Meester dit afkeur.

Die keuse van 'n gekwalifiseerde, ervare eksekuteur – soos 'n fidusiêre maatskappy – kan die verskil maak tussen 'n gladde proses en 'n administratiewe nagmerrie. Die eksekuteur verseker dat alle skuld vereffen word, belasting betaal word en bates versprei word volgens jou testament.

Baie mense is geskok oor hoe duur die boedelberedderingsproses kan wees. Een van die belangrikste kostes is die eksekuteursfooi – wat wettiglik tot 3,5% van die boedel waarde kan wees, bv. op 'n boedel ter waarde van R2 000 000, kan die eksekuteursfooi alleen tot en met R80 000 wees – en dit voor ander regs-, oordrag- of belastingkostes. Skuld en onkostes word eers gedek voor enige verdeling plaasvind. 'n Swak opgestelde testament – of selfs geen testament – lei dikwels tot verdere finansiële druk en vertragings in toegang tot fondse.

As jy minderjarige kinders het, laat 'n testament jou toe om verder te gaan as om voogde te benoem. Jy kan 'n testamentêre trust skep – 'n trust wat in werking tree met jou afsterwe – om jou kinders se erfenis te bestuur en beskerm tot hulle 'n verantwoordelike ouderdom bereik.

Dit beskerm nie net jou kinders teen die regering se Voogdyfonds nie (waar fondse vir minderjariges andersins gehou word), maar ook teen die risiko's om groot bedrae geld op 'n jong ouderdom te ontvang. So beskerm jy húlle ook teen hulself. 'n Goed opgestelde truststruktuur kan voorsiening maak vir opvoeding, sorg en onderhoud, met betroubare medetrustees wat in hul beste belang optree.

Ook moet ons ingedagte hou dat voogde steeds deur die aanstellingsproses moet gaan. Die opstel van die trust kan ook tydsaam wees wat dus beteken, voogde moet fondse beskikbaar hê om in tussen kostes te dek en na die kinders om te sien.

Maak gebruik van die geleentheid in testamentemaand om met ’n gekwalifiseerde professionele persoon te sit, jou huidige testament te hersien (indien jy een het) en te verseker dat jou boedelbeplanning jou wense weerspieël en diegene wat jy die liefste het, beskerm.

Kontak ons vandag by Smith and Smith op die volgende nommers:

Shirley Smith: 083 657 1912 of Savannah Smith by 083 661 6855.

Want môre is nie belowe nie – maar jou nalatenskap kan wel wees.

## Kruger-standbeeld besoek binnekort Museum

Die Museum bevestig graag weer dat die historiese ewebeeld van die Kruger-standbeeld Dinsdag 30 September om 9:00 ‘n beplande besoek aan die Museum sal bring. Die aankoms van die standbeeld vorm deel van ’n nasionale bewusmakingsinisiatief oor belangrike erfenis- en kultuursimbole in Suid-Afrika.

Volgens die Museum se bestuur is die besoek van groot waarde vir die gemeenskap, aangesien dit ’n seldsame geleentheid bied om die standbeeld van naby te besigtig en meer te leer oor die rol van President Paul Kruger in die geskiedenis. Spesiale begeleide toere vir jong mense en die toergeselskap sal tydens die besoek aangebied word, met die fokus op die historiese konteks en nalatenskap van Kruger.

Inwoners word uitgenooi om die geleentheid by te woon en tydens die geleentheid ‘n brief soos aangeheg in die Heilbron Herald uit te knip, voltooi en te teken. Elke brief sal dan in ‘n tydkapsule geplaas word, wat oor 100 jaar van nou af oop gemaak sal word. Die Museum beklemtoon dat die besoek nie net opvoedkundige waarde het nie, maar ook bydra tot die bewaring en bevordering van die Riemland se kulturele erfenis.

Onthou, die toegang is gratis maar almal kan wel ‘n kaartjie koop om een van die twee silwer ‘tickeys’ te wen teen R20,00 elk per kaartjie. Kom en geniet die oggend saam met ons en beleef die historiese geleentheid.




VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING




WINKELURE
Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron | Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 29 SEPTEMBER 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 30 SEPTEMBER 2025
DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 064 850 2930
STANDERTON: HOLMDENE BV IMPLEMENTE VEILING
11:00, Jonkersdam
Kontak Tiaan Heineman 083 381 9322
WOENSDAG - 1 OKTOBER 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
VILJOENSKROON: NIEKERKSRUST SAVM PRODUKSIEVEILING
11:00, Niekerksrust
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
MEMEL: EVENWYD BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
11:00, Evenwyd
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
DONDERDAG - 2 OKTOBER 2025
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
VRYDAG - 3 OKTOBER 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za